# Arm en sonder
## blyplek?



**bybelgenootskap**
van suid-afrika

## God dra jou op die hart

As jy een van die talle mense in ons land is wat deur armoede nie net van 'n blyplek beroof is nie, maar ook van jou selfrespek, gee die Bybel jou die versekering dat God jou liefhet en vir jou omgee.

## God beloof:

Hy sal nie regspreek
volgens uiterlike skyn nie
en nie oordeel volgens hoorsê nie.
Hy sal die armes billik verhoor
en die ootmoediges in die land
regverdig oordeel.
Jesaja 11:3b-4a

Hy staan by die arme
en red hom van dié
wat hom ter dood wil veroordeel.
Psalm 109:31

## Jesus herstel die waardigheid van armes en behoeftiges

"Geseënd is julle wat arm is,
want aan julle behoort
die koninkryk van God.
Geseënd is julle wat nou honger het,
want julle sal versadig word.
Geseënd is julle wat nou huil,
want julle sal lag."
Lukas 6:20-21

## Jesus het soos een van die armes geword

Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word.
2 Korintiërs 8:9

## As God aan jou kant is, kan jy met vrymoedigheid glo:

"Here, wie is soos U
wat die swakke bevry
    van dié wat sterker is,
die swakke en die arme
    van dié wat hom beroof?"
Psalm 35:10

Maar Ek, die Here,
    sal hulle gebede verhoor,
Ek, die God van Israel,
    sal hulle nie verlaat nie.
Jesaja 41:17b

## Jesus onthou die armes en dakloses in gebed:

Gee ons vandag
    ons daaglikse brood.
Matteus 6:11

***Alle Skrifgedeeltes geneem uit die Afrikaans 1983-vertaling.**

Uitgegee en versprei deur die
Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
Bybels en Oudiobybels is op die
**BibleSA-app** beskikbaar.